# JAKARANDA VOORTREKKERKAMP 2024

## Altyd Altyd

15 Maart 2024

Beste Volwassene

Baie welkom by die 39ste Jakaranda Voortrekkerkamp. Ons is baie dankbaar dat jy vir die kamp ingeskryf het en bereid is om op onbaatsugtige wyse jou dienste tot beskikking van die Voortrekkers te stel. Ons vertrou dat jy die kamp as baie aangenaam en sinvol sal ervaar. Alle volwassenes is vir die duur van hierdie kamp, deel van die offisierekorps en diensdoende. Let wel, dis noodsaaklik dat jy vir die volle duur van die kamp op die kamp beskikbaar sal wees tensy reeds so vooraf gereël met die Kampleier aangesien dit die toedeling tot die kursusse beïnvloed.

Jy is by die kursus / aktiwiteit ingedeel volgens die volwasse indelingslys wat op Jakaranda se webblad, http://jakaranda.voortrekkers.org.za/ beskikbaar is. Ongelukkig kon almal nie geakkommodeer word by hul eerste keuses nie, maar vertrou dat jy ons steeds behulpsaam sal wees. Die kursusorganiseerder sal met jou in verbinding tree in verband met voorbereidingswerk wat jy moet doen om te help met kursusaanbieding of ander aktiwiteite tydens die kamp. Goeie samewerking lei tot ‘n suksesvolle kamp.

Die lys van Kursusorganiseerders is op die webblad beskikbaar. Indien daar teen Woensdag 20 Maart 2024 nog nie met jou in verbinding getree is nie, kontak asseblief self jou organiseerder.

NEEM ASSBLIEF KENNIS VAN DIE VOLGENDE:

1. Jy moet asseblief so op die kamp arriveer dat jy Woensdagaand 27 Maart 2024 om 17h00, wanneer die kamp amptelik begin, reeds jou Voortrekkerspankinders, asook jou eie slaapplek ingerig het. Volwassenes wat slaapplek in lokale gevra het, se indeling sal by administrasie en op die webblad beskikbaar wees. Jy is welkom om reeds vanaf 15h00 op Woensdag 27 Maart 2024 jou kommando se tente asook jou eie tent te kom opslaan en inrig. Volwassenes se tentedorp is agter die boonste lokale. Die kamp duur tot Sondagoggend, 31 Maart 2024, om 11h30. Tot dan is jy in beheer en verantwoordelik vir kinders op die kamp.
2. Met jou aankoms sal offisiere die voertuig waarin jy is, stop om jou sommer gou elektronies te registreer. Luister asseblief mooi na waarheen en hoe jy moet ry om sodoende ‘n verkeersopeenhoping te vermy.
3. Daar sal ’n inligtingsessie vir alle offisiere in die saal wees tydens aandete Woensdagaand, 17:30. Maak asseblief seker dat jy dit bywoon sodra jy opgeskep het.
4. Die bywoning van alle kampaktiwiteite is verpligtend.
5. Indien jy nie die kamp om enige rede kan bywoon nie, moet jy 'n plaasvervanger stuur om in jou plek diens te doen. Daar is ongelukkig nie plaasvervangeroffisiere op die kamp beskikbaar nie.
6. Die Medemenskursus se ete-tema is “Altyd Plaasjapie / Plaasnooi”. Volwassenes wat by die Medemens-spesialisasie en dienste ingedeel is asook kursusoffisiere soos aangedui deur die betrokke kursusleier, kan ’n uitnodiging na die ete ontvang. Bring klere, bykomstighede, ens. saam om aan te trek om die tema uit te beeld. Die Medemenskursusganger wat jou uitnooi om hom / haar te vergesel na die Medemensete sal dit waardeer indien jy volgens tema aangetrek is.
7. Neem asb. kennis dat geen drank, dwelms, rook of wangedrag op kampe hoort nie en diegene wat

hul skuldig maak aan sodanige wangedrag onmiddellik gevra sal word om die kamp te verlaat.

8. Onthou om jou bordesak met al die nodige toerusting in te pak.

WAT WORD VAN 'N DIENSDOENDE OFFISIER VERWAG:

1. Jy tree op as 'n tentoffisier.

*Tentinrigting*

- Maak asseblief seker dat die kommando se tente opgeslaan word op die aangewese plek en ingerig is om 17:30. 'n Brandemmer gevul met water moet links voor die tent staan.
- Maak seker dat alle bederfbare kos uit die kinders se tasse en tente verwyder is.
- Sorg dat alle medisyne by die Noodhulp ingehandig word.
- Alle waardevolle artikels soos hangertjies, oorbelle, selfone, ipods, ens. asook gevaarlike artikels soos knip- en jagmesse, vuurhoutjies, aanstekers ens. moet bymekaargemaak word. Plaas dit in 'n plastiese sak (by administrasie beskikbaar), merk dit duidelik met die kind se naam en kommandonaam en handig dit by administrasie in. Die kind kan dit na afloop van die kamp weer by die administrasie kom afhaal. Let wel die kamp neem geen verantwoordelikheid van waardevolle items wat verlore of beskadig raak nie.
- Volwassenes gaan omsien na hulle kommando se tente en soms ook na naburige tente.

*Soggens*

- Maak seker die kinders in jou tent(e) is wakker en op om 6:00 en besig om gereed te maak vir die bewuswording in kursusverband.
- Sorg dat die kinders gaan was en Voortrekkerdrag aantrek vir die seremonie na bewuswording.
- Help met die opruim van die tent(e) in die oggende. Gee riglyne aan die kinders. Kry die tent en omgewing gereed vir tentinspeksie binne die volgende riglyne:
  (a) Goeie en netjiese algemene indruk
  (b) Netheid van omgewing
  (c) Kreatiwiteit
  Wenk: spanvaandel, spanbanier, hanggerief vir spandrag en bordesakke, besempie en skoppie, deurmatjie, ekstra hamer en tou om nat klere op te hang, ens.

*Aantree vir etes*

- Tydens etes tree jy saam met jou kursusgroep aan vir ete by die aangewese ry.
- Volwassenes skep aan dieselfde tafel as die kinders in die kursusgroep.
- Maak asseblief seker dat die kinders in jou kursus genoegsaam geëet het.

*Storttye*

Sien toe dat almal in jou tent(e) ordelik gaan stort/swem en gereeld was.

*Slaaptyd*

Met slaaptyd moet jy sorg dat die kinders rustig in die bed kom. Sorg dat die tente behoorlik toegemaak is en indien jy sukkel moet jy dit asseblief by administrasie aanmeld.

*Siekes*

Kinders wat nie lekker voel nie, moet na die Noodhulpkamer geneem word en mag nie in die tent bly lê nie. Troos en bemoedig waar nodig. Moet asseblief nie 'n kind valse hoop gee dat hy sy ouers mag skakel of dat hy huis toe kan gaan nie.

2. Jy is 'n mede-kursusaanbieder by die kursus waar jy ingedeel is. Jou kursusorganiseerder sal met jou gesels oor jou verantwoordelikhede.

Kursusaanbieding geskied binne die geskeduleerde program. Sorg asseblief dat jy stiptelik hou by die program soos op jou van toepassing. Organisasie ten opsigte van kursusaanbieding berus by die kursusorganiseerder.

Volwassenes wat by **ERFGROND** ingedeel is, moet voorsiening maak dat julle een aand buite die kamp gaan slaap.

3. Tydens die kamp is daar badkamer- en swembeurte asook wagdiens.

   Diensroosters sal op die kennisgewingborde by administrasie en die saal aangebring word.

   *Badkamer- en swembeurte*
   - Wees asseblief betyds by die badkamers of swembad.
   - Kyk asseblief dat daar nie onnodig lank onder die storte gestaan word nie.
   - Probeer verlore goedere beperk deur toe te sien dat elkeen wat die stort verlaat al sy / haar besittings by hom / haar het.
   - Hou toesig by die swembad sodat die kinders nie beseer word nie. Geen hardloop, spring of duik speletjies nie.

   *Wagdiens*
   - Meld asseblief betyds by administrasie aan.
   - Maak seker dat die ander wagoffisiere weet waar jy slaap, sodat jy wakker gemaak kan word indien jy nie wakker geword het van jou eie alarm nie.
   - Aan die begin van die wagskof sal jy volledige opdragte ontvang.
   - Kontroleer die wagdiensboek vir spesiale gevalle wat aandag moet geniet of om aantekeninge te maak.

4. Bywoning van volwassenes se byeenkoms saans in die saal.

   Die byeenkoms neem na die kinders se slaaptyd in aanvang in die saal. Alle probleme en voorstelle moet daagliks voor aandete by die kampleier of administrasie aangemeld word. Jy sal dan terugvoering ontvang ivm hantering daarvan tydens die byeenkoms.
   Met die byeenkomste wil ons ook graag mekaar leer ken, kuier, en gees bou.
   Daar sal 'n vuur in die lapa wees na die byeenkoms, indien jy graag persoonlik iets sou wou braai.

ALGEMEEN

**KAPOKKIES** (Kinders tot en met voorskools, graad R) **/ VELDMUISE** (graad 1 & 2).
Die persone hier sal soggens vanaf vlaghysing tot die kursusprogram klaar is beskikbaar wees.
Kapokkies en Veldmuise volg hul eie program by hulle lokaal en het hul eie saambringlysies.
Kapokkies en Veldmuise tree aan vir etes.
Indien jy smiddae met koeldranktyd 'n tassie met die nodige skoon klere, toiletware en 'n handdoek by die lokaal besorg, sal jou kapokkie vir jou gebad word.
Kapokkies mag nie in die kamp ronddwaal nie, as hulle by jou wil kuier moet dit met jou kursusorganiseerder en die kapokkie-ma gereël word.

**EIE KINDERS GRAAD 3 - 7**
Jou eie kind is soos alle ander kinders op die kamp in 'n bepaalde kursusgroep ingedeel.
Jou eie kind moet hom/haar by sy tentmaats en kursusgroep hou. Klagtes en versoeke kan tot die tent- of kursusoffisier gerig word. Hulle eet ook saam met hul spanne en nie by die volwassenes in die saal nie – jy is welkom om buite by hulle te sit. Maak asseblief ook seker dat jou eie kinders tydens die aandprogramme ook by hul maats sit en nie tussen die volwassenes of op jou skoot nie.
Gee op hierdie manier aan jou eie kind die geleentheid om te kamp asof jy nie op die kamp is nie.

**LYFSTRAF & SKREE**
Niemand mag lyfstraf aan kinders toedien nie. Probleemgevalle kan aan die kampleier gerapporteer word wat dit saam met die dissiplinêrekomitee sal hanteer. Moet asseblief ook nie op kinders skree nie.

**DRANK, ROOK en TAALGEBRUIK**
Geen alkoholiese drank word gebruik tydens die kamp nie. Vir die duur van die kamp is jy mede-verantwoordelik vir, en in kontak met jeuglede van Die Voortrekkers.
Geen rook in teenwoordigheid van die kinders nie – dit sluit e-sigarette in.
Handhaaf asseblief te alle tye goeie taalgebruik.

**VOORTREKKERDRAG en SEREMONIES**
Volwasse lede moet aktiewe Voortrekkerdrag tydens seremonies dra. Jy is welkom om die erkenningsbaadjie ook te dra. Alle volwassenes, met of sonder aktiewe Voortrekkerdrag, woon alle seremonies by. Alle jeuglede moet Voortrekkerdrag dra tydens seremonies.

**KAMPSTILTE**
Volwassenes word vriendelik versoek om saans na afloop van die volwasse-byeenkoms die nagstilte van die kamp te eerbiedig. Volwassenes kan wel tot 00:00 kuier en braai in die lapa. Ongelukkig is die kombuis se ys- en vrieskaste nie tot die kampeerders se beskikking nie, maak asseblief self voorsiening indien jy iets wil koud hou.

**BRING OPVOUSTOELE ASSEBLIEF!!**
Bring jou **eie gemerkte stoel** saam!
Bring asseblief 'n vol rol toiletpapier saam. Dit word by die kursus ingehandig.

**FOTO'S**
Foto's geneem tydens die kamp word gepubliseer op Facebook, Jakaranda Voortrekkerkamp, en word gebruik vir bemarking van die kamp.

Navrae kan gerig word aan onderstaande persone of per e-pos: Jakarandakamp@gmail.com

Ons sien baie daarna uit om saam met jou te kamp!


Jan-Albert de Kock
Kampleier
071 380 9757

Nicolette Koukeas
Kampsekretaresse
082 921 5955